24 Julie 2020

**NUUSBRIEF 8/2020**

Geagte Ouers

**SKOOLSLUITING**

Na aanleiding van die Staatspresident se aankondiging gisteraand ten opsigte van die sluiting van Openbare Skole, die volgende reëlings:

Laerskool Thabazimbi sluit vanmiddag, 24 Julie 2020, om 12:15 vir Graad R en om 13:15 vir Graad 6 & 7.

Die heropeningsdatums is moontlik soos volg:

- Graad 7: Dinsdag, 11 Augustus 2020
- Graad R tot 6: Maandag, 24 Augustus 2020

Neem asseblief ook kennis dat die werk wat huistoe gestuur word, tydelik staak vanaf vandag en daar sal daarmee hervat word op Dinsdag, 11 Augustus 2020 vir alle grade wat tuis is (met ander woorde Graad R tot 6).

'n Skyfiereeks sal op Vrydag, 21 Augustus 2020 op Laerskool Thabazimbi se Facebookblad geplaas word met duidelike aanwysings vir ouers en leerders ten opsigte van alle praktiese aspekte rakende leerders se terugkeer.

Thabazimbi distrik het tans die hoogste besmettingskoers in die provinsie. Daarom vra ons dat u asseblief baie mooi na u gesin se veiligheid en gesondheid sal omsien in hierdie uiters moeilike omstandighede.

Groete

_____

**Mnr J L M Venter**
**HOOF**